**PASTORALE BRIEF BY DIE JAAREIND**

Donderdag, 30 November 2023

Broers en susters, geagte kollegas, gemeentes in die NG Kerk Vrystaat,

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat het gister ons laaste vergadering vir die jaar 2023 gehad, en is die vergadering ook bygewoon deur 'n aantal van die Vrystaatse afgevaardigdes na die pasafgelope Algemene Sinode. Ons het geopen met die "Kersboodskap" van die Apostel Paulus uit een van die oudste gedeeltes in die Nuwe Testament, sy brief aan Titus, die medewerker wat hy as voorganger vir die gemeente op die eiland Kreta aangewys het. Paulus herinner Titus aan die lewensveranderende krag van dié "Kersboodskap": Die feit dat God se "verlossende genade" (2:11), "goedheid en menseliefde" (3:4) in Christus "verskyn" het (epifanie) en ons "opvoed" (2:12) om in die gemeente (2:1, 15) en teenoor ander dorpsmense (3:2) "verstandig, regverdig en godvresend" te kan leef, waardig die evangelie oor Hóm wat ons "op grond van sy ontferming" "losgekoop" en "afgewas" het en deur die Heilige Gees "vernuwe" (2:14, 3:5-6). In dié gees het ons as Moderamen gister ons verlangende gebed uitgesing:

*"Christus kom, Christus kom – gee aan God die eer.*
*Skenk ons 'n helder Somerkersfees, in hierdie land, o Heer."*
(Lied 358:3)

Berigte oor versengende hitte regoor ons provinsie en die gebed om reën en uitkoms, is rondom die tafel gedeel. Boere- en plaasgemeenskappe wag afhanklik, moedig. 'n Bedrag van R 284 000 is uit ons Hoopfonds aan Vrystaat Landbou oorbetaal vir hulp in brandgeteisterde distrikte. Die Ring van Smithfield bied eersdaags uit fondse deur die Sinode voorsien, 'n brandbestrydingskursus vir boere en plaaswerkers aan; reeds meer as 200 deelnemers het ingeskryf. Uit Riebeeckstad is vertel van hul komende "straatkafee" waarby iedereen uit die dorp welkom is, om te kom eet en drink en hul hare en gesigte, naels en voete versorg word en pastorale sorg gegee, vry, soos die goedheid van God. Uit 'n ander gemeente: Dat hul vanjaar méér babas gedoop het as lidmate begrawe. Drie gemeentes het hul stigtingsjaar herdenk: Tweetoringkerk 175, Zastron 130 en Frankfort 75 jaar gelede! Meelewing is betuig met kollegas wat 'n seun tragies verloor het, 'n vader moes begrawe, van 'n moeder afskeid moes neem. Daar is gebid vir 'n dogtertjie in Betlehem wat baie ernstig siek is en die gemeente wat met haar meeleef…

Die nuus oor die Betlehemskind lank gelede, blý ons bemoedig en inspireer, en bind ons saam.

Saam met afgevaardigdes na die Algemene Sinode, het die Moderamen besin oor die uitkoms van die sitting in Oktober. Ná 'n openhartige gesprek, is die volgende besluit geneem en word dit hiermee na alle gemeentes, lidmate en leraars deurgegee:

"Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat,

1. het kennis geneem van afgevaardigdes se belewenis van die Algemene Sinode 2023, en dat daar waardering is vir die wyse waarop die spiritualiteit van die vergadering ingerig en gelei was;
2. het kennis geneem van besluite wat deur die Algemene Sinode 2023 geneem is, soos wat dit in die Herderlike Brief ná die sinode saamgevat is;

3. is van mening dat in die algemeen gesproke, die beskrywingspunte wat deur die Sinode van die NGK Vrystaat ingestuur is (oor die Skrif as Woord van God, oor ons Christelike belydenis, oor die aard en funksionering van die Algemene Sinode as kerkvergadering, en oor teologiese opleiding) deur die Algemene Sinode 2023 gehoor is, ‘n positiewe invloed op die verloop en besluite van die sinodesitting uitgeoefen het en grootliks deur die Algemene Sinode aanvaar is;

4. erken dat daar by ons afvaardiging verskil van mening bestaan oor die mate waarin die Vrystaatse beskrywingspunt oor menslike seksualiteit, die huwelik en selfdegeslagverbintenisse en die pastorale hantering daarvan, in die 2023-besluit van die Algemene Sinode gereflekteer word;

5. het kennis geneem van skrywes wat sedert die Algemene Sinode van ‘n aantal gemeentes in die Vrystaat en die Ring van Heilbron in reaksie op besluite van die Algemene Sinode ontvang is, en het onderneem om in erns met die sake daarin vermeld, te handel;

6. besluit daarom in beginsel om in 2024 ‘n buitengewone sitting van die NGK Vrystaat te belê;

7. wys daarop dat die Algemene Taakspan Regte (ATR) tans werk aan die wysiging van en betrokke prosedures rakende Artikel 32 in ons Kerkorde oor die geografiese samestelling van sinodes;

8. dra dit aan die Interimkomitee op om in Januarie 2024 ‘n konsepvoorstel oor die vind van ‘n welwillende weg in belang van alle gemeentes en lidmate, aan die Moderamen voor te lê;

9. is verbind tot ‘n kerkordelike hantering van kwessies wat met so ‘n welwillende weg verband hou, en roep gemeentes, kerkrade en leraars in die NGK Vrystaat op om ook só binne die Kerkorde as ons geldende ooreenkoms met mekaar, te handel; en


10. onderneem om op ‘n konstruktiewe, openhartige en respekvolle wyse met alle gemeentes en kerkrade oor die tersaaklike kwessies te kommunikeer, en versoek daarom leraars en lidmate dat ons in dié gees ook teenoor mekaar sal optree.

In hierdie verband het die Moderamen in September en nou weer, met hartseer kennisgeneem van besluite deur die kerkrade van Leeuwberg en Vanstadensrus om van húlle kant, ons onderlinge verband en ooreenkoms met mekaar op te skort. Die Ringe van Suid-oos Bloemfontein en Smithfield is versoek om nóg ‘n poging aan te wend om pastoraal na die gemeentes uit te reik, aangesien só ‘n stap ernstige gevolge vir die leraars, kerkrade en lidmate van die twee gemeentes inhou. Dit is in hierdie tyd nodig dat ons direk met mekaar sal praat en seker maak dat inligting op grond waarvan besluite geneem word, amptelik en korrek is. Ons verwys gemeentes weer na die Herderlike Brief van die Algemene Sinode:

(https://kerkbode.christians.co.za/2023/11/22/elders-gesien-herderlike-brief-van-die-algemene-sinode-2023/)

Verdere inligting oor die moderamenvergadering en verslae oor alle werksaamhede van bedieninge sal volgende Vrydag in die laaste uitgawe van *VRYPOS* gedeel word – lees, deel en leef mee in ons vervulling van dié roeping wat God op ons as NG Kerk Vrystaat in hierdie landstreek gelê het.

Ons hartlike groete, en seënwense –



**Ds. Jan Lubbe (Voorsitter: Moderamen van die NG Kerk Vrystaat)**